Gimmie Griffie

11 Oktober 2018

Webtuiste: www.gimmies.co.za ***Uitgawe: 30***

GEAGTE OUERS

Baie welkom terug na die kort vakansie. Almal word sterkte toegewens vir 'n besige vierde kwartaal.

Baie geluk aan almal wat die vakansie pragtig presteer het. Die toneel het baie goed gedoen. Geluk aan mev. Elbie Buys en al die leerders wat betrokke was.

Baie dankie aan almal wat hard gewerk het met die Skole Top 10-program. Daar was reeds drie uitsendings. Vrydagmiddag, 12 Oktober (16:30), is die laaste uitsending.

Die matrieks ontvang môre hulle rekord-eksamenpunte en die res van die skool hulle puntestrokies.

Donderdagaand 18 Oktober om 18:00 is die matrieks se erediens en prysuitdeling in die skoolsaal. **Alle** matrikulante en hulle ouers word uitgenooi – woon dit asseblief by – dit is 'n pragtige laaste geleentheid by die skool. Ons rig 'n vriendelike versoek aan die ouers om asseblief teen 17:45 hulle plekke in die saal in te neem.

Ons nooi ouers ook nou reeds na die algemene ouervergadering op 14 November om 18:00 in die skoolsaal. Die begroting en enkele ander sake sal hanteer word.

Gimmie-groete,
RA Oosthuizen

Alle matrieks móét môre en Woensdag 17 Oktober by die skool wees. Maandag (16 Okt.) en Dinsdag (17 Okt.) hoef net die matrieks met wie personeel gereël het, skool toe te kom.

VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

Maandag 15 Oktober
Graad 12: RTT
Seunshokkie: Dankie-sê-funksie

Dinsdag 16 Oktober
Graad 12: IT
Geografie-uitstappie
Landloop: Liga 3 (Potch)

Woensdag 17 Oktober
Gimmieraad-uitstappie
Loopbaanuitstalling
Swem: Potch Prestige-swemgala
Krieket 4de: NW-finaal

Donderdag 18 Oktober
Matriekprysuitdelingsaand 18:00, kerkdiens (skoolsaal)

Vrydag 19 Oktober
Atletiek: PUK Top 30 (McArthur)
Tennis: NW-proewe

Saterdag 20 Oktober
Krieket: NW-finaal
Atletiek: PUK Top 30 (McArthur)
Tennis: NW-proewe
GEEXPO (Vanderbijlpark)

RUGBY

Baie geluk aan Giovanni Pestana en Billy Jacobs wat vir die Luiperds o/17-sewesspan gekies is.

BERGFIETSRY

Gimmies het gedurende die afgelope vakansie aan die *Spur Schools National Mountainbike Challenge* by Hoërskool Bekker deelgeneem. Gimmies het algeheel die vyfde plek van die 55 deelnemende skole behaal, die beste van al die NW-skole. Brendan van Eeden behaal die eerste plek, Joné van Eeden die vierde plek en Natasha Roets die negende plek. Tydens die provinsiale kompetisie behaal beide Joné van Eeden en Christiaan Smit tweede plekke, Natasha Roets 'n sesde plek en Brendan van Eeden 'n agtste plek.

GIMNASTIEK

Dariaan Swart het tydens die Noordwes provinsiale kampioenskappe NW-kleure in Artistiese Gimnastiek vlak 2 ontvang. Hy het ook Noordwes by die *Central Zone Challenge* in Centurion verteenwoordig. Baie geluk, Dariaan.

SEUNSHOKKIE

Alle ouers en seunshokkiespelers word hartlik uitgenooi na ons Dankie-sê-funksie op Maandag 15 Oktober om 18:00 in die skoolsaal. Na afloop van die funksie sal daar 'n kort beplanningsvergadering vir 2019 plaasvind.

o/14A en B, o/16B en die tweedespan moet 'n denim en navy speelhemp dra, o/16A 'n denim en wit speelhemp en die eerstespan wit TK-opwarmhemde met chino en netjiese skoene.

Spelers in A-spanne moet asseblief 'n bordjie soet eetgoed saambring en B-spanne sout.

TONEEL

Zandelle Meyer is onlangs as die beste tienertoneelaktrise in die land aangewys!

Gimmies se toneel het 'n besondere goeie jaar beleef. Drie toneelstukke neem aan die ATKV-tienertoneelkompetisie deel. Tydens die streeksfinaal word twee stukke in die top 5 vir die finale aand gekies. Hierdie twee toneelstukke, naamlik Dierepubliek en Duskant Vleesbaai, dring ook deur na die landswye finaal wat op 6 Oktober in die Roodepoort-teater plaasgevind het.

Gimmies is die enigste skool in die land met twee stukke in die finaal. Een honderd vyf en negentig toneelstukke en 3500 leerders het aan die ATKV-tienertoneelkompetisie deelgeneem.

Duskant Vleesbaai het onder die top vyf produksies in die land geëindig. Al drie akteurs van Duskant Vleesbaai, Ivan Reckling, Christi Olivier en Zandelle Meyer word as beste akteur/aktrise genomineer, asook die stuk se tegniese versorging. Baie geluk, Gimmies is trots op julle!

VERBRUIKERSTUDIE-OLIMPIADE

Baie geluk aan die volgende leerders wat tydens die nasionale Verbruikerstudie-olimpiade puik presteer het: Rienje Toxopëus (gr. 11 nasionale wenner), Robin Green (gr. 12 NW-medewenner), Anri Venter (gr. 12 nasionale wenner en NW-medewenner) en Estelle van Tonder (gr. 12 vyfde plek en NW-medewenner).

WETENSKAP-EKSPO

Michael Dennis het tydens 'n internasionale Wetenskap-ekspo ‘n silwermedalje verower. Michael gaan waarskynlik binnekort oorsee deelneem. Baie geluk, Michael.

NATIONAL YOUTH CHOIR COURSE SYMPOSIUM

Baie geluk aan die volgende leerders wat saam met die gewilde groep, die Parletones, tydens Aardklop opgetree het: Tanya Janse van Rensburg, Mannscher Meyer, Melissa van Niekerk, Nadia du Toit, Leani Steyn, Daniël van Wyk, Janco Mouton, Bernice Tredoux en Ulricke Slabbert.

Dit was ’n uiters suksesvolle simposium met optredes deur die Noordwes-Jeugkoor en ander genooide lede.

DANS

Anellé Arbuckle het die afgelope vakansie aan die *Dance Stars* en *American Dance Awards* (ADA) deelgeneem en puik presteer.

By *Dance Stars* het sy in al drie haar danse gekwalifiseer om Suid-Afrika in Mei 2019 in Italië te verteenwoordig.

By *American Dance Awards* het sy in al agt danse gekwalifiseer om Suid-Afrika in 2019 in New York te verteenwoordig. Anellé het drie goud- en vyf *high* silwer-toekennings verower . Sy het ook twee spesiale toekennings vir haar vertoning in *Musical Theatre* en *Open* gekry. Baie geluk, Anellé.